

# KOERSVAS

Jaargang 6      Uitgawe 128   26 Januarie 2018

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



## REDAKSIONEEL

### Vrygewige diefstal

In die huidige politieke klimaat in die RSA moet elke woord van kritiek deeglik geweeg word. Enige persoon wat dit waag om kritiek te lewer teen die huidige regering en/of regeerders, moet weet dat 'n sekere maatstaf gebruik gaan word. Negatiewe kritiek word bykans deur die bank getakseer vanuit 'n rasse perspektief. Enige swart persoon wat foute uitwys, word as verraaier uitgekryt. Enige blanke wat kritiek lewer, word ad hominem aangeval. Die man word gespeel en nie die bal nie. As regverdiging vir hierdie destruktiewe optrede, word die geprojekteerde rassisme van die ander persoon voorgehou.

Selfs onskuldige humor kan die teiken word van 'n groep wat erg rassisties dink en in 'n erg gepolariseerde denkwêreld selfgesprekke voer. Die aanvalle, geplunder en intimidasie wat 'n Sweedse maatskappy te beurt geval het, is tekenend van sodanige radikale benadering. 'n Onskuldige foto van 'n kind wat die "Coolest monkey in the jungle" is, was voorwendsel vir gewelddadige toe-eiening van winkelvoorraad en meubels. Ten spyte van die moontlikheid dat ons as rassiste uitgekryt kan word, is dit tog nodig om in alle billikheid die retoriek van die dag

te ontmasker vir die vernietigende galbraak wat dit is.

Ongelukkig bly diesulkes se optrede nie by woorde nie, self al is dit net woorde wat deur hule vermeende teenparty gebruik is. Enige woord of daad word gebruik as radikale regverdiging vir die mees destruktiewe optredes. In die meeste gevalle is die retoriek die voorspel tot intimidasie en geweld. Enkele voorbeelde ter staving; Die (pynlik polities korrekte) Swede het sonder enige verskuilde agenda die verkeerde kind 'n "coolest monkey" T-hemp laat modelleer. Dit het tot 'n rasse-herrie aanleiding gegee en hul winkel is geplunder en vernietig. Dit terwyl daar tog geen gedagte was om aan swart mense as ape te dink nie. Volgens Darwin is ons tog almal afstammeling van ape... Die feit dat die aanvalle so gekoördineerd plaasgevind het op verskillende plekke, is bewys dat antagoniste agter hierdie plundertogte gesit het. Die bullebakke wat die fisiese dans-aanvalle geloods het, was beloon met die winkelinhoud. Nie deur die eienaars nie, maar deur die aanstigters wat hulle daardie toestemming gegee het.

Dit is dieselfde gemenespeel wat ons vind in al die protesoptogte dwarsdeur ons land. Daar word gedans, gesing, gebrand en natuurlik geplunder. Die plunder is telkens

ten koste van mense wat hard werk binne 'n ekonomie wat al hoe meer vyandig is ten opsigte van kapitalisme.

Dit is dan ook sprekend van die tydgees in die RSA dat Oxfam kapitalisme 'n "misdaad teen die mensdom" noem. Kapitalisme word dan gelyk gestel aan blanke-ideale en sodoende word enige optrede geregtig. Daar word met geweld van een groep geneem (gesteel) en aan 'n ander groep (hulself) uitgedeel. Getrou aan hulle blatante rassisme is dit telkens blankes wat slagoffers is en swart mense wat voordeel trek.

Daar is ook ander voorbeelde van hierdie vrygewige diefstal. Wetgewing trek die onteiening-strop al hoe nouer om die blanke bevolking. Daar is nou meer as 110 (een honderd en tien) stukke wetgewing wat op ras afgestem is, meer as wat daar ooit in die wetboeke was in ons vorige bedeling. Dit is nie net ekonomiese sake wat as voorwendsel aangebied word nie. Die kolonialistiese taal, Engels, word ook as voorwendsel gebruik om blatante rassisme aan te vuur. 'n Skool wat in 23 jaar onder die nuwe bedeling gegroei het en 'n baken van uitnemendheid in die Vaaldriehoek geword het, moet homself tot die hof wend om hierdie vrygewige diefstal af te weer.

Vra maar vir boere hoe hulle voel oor die nuwe beleid van die ANC om grond te herverdeel sonder die relevante ekonomiese vergoeding. Dit is diefstal van grond wat dan in "vrygewigheid" onder swartmense herverdeel/ uitgedeel sal word. Dan het ons nog nie eens gepraat oor die uitdeel van plekke in die rugby- en krieketspanne nie. Nie net op professionele, nasionale of provinsiale vlak nie, maar ook op amateurvlak. Selfs op laerskoolvlak word verdiende posisies van sommige kinders gesteel omdat spanne verteenwoordigend

van ras moet wees en nie verteenwoordigend van uitnemendheid durf wees nie.

Solank as wat ons die marionette gaan toelaat om ons te laat skuldig lyk of voel, sal hulle ander se regmatige deel steel en vrygewig toe-eien of verdeel onder hulle ondersteuners. Baie van dit wat in die verlede gebeur het, was verkeerd. Niks wat nou gebeur, regverdig die blatante intimidasie en diefstal wat ons te beurt val nie.

### **BERIGTE EN KENNISGEWINGS VERGADERINGS**

- Die Kuratorium vergader op Maandag 19 Februarie 2018. Lidmate wat van voorneme is om Teologie te studeer in 2019, of besig is met teologiese studies en as Bondsprekante wil kwalifiseer, moet die skriba van die Kuratorium, ouderling Pieter Geyser van Meyerspark, so gou doenlik kontak.

### **POTCHEFSTROOM: STUDENTE EN JONG, WERKENDE LIDMATE**

- Die Hervormde Kerk - Die Wilge, verwelkom alle studente en jong, werkende lidmate in Potchefstroom. U word hartlik uitgenooi om die eredienste by te woon en by die gemeente-aktiwiteite in te skakel.
- Die kerk is op die h/v Waterboklaan en Vygiestraat, Miederpark, Potchefstroom
- Eredienste is (slegs) Sondag-oggend om 9h30.
- Vervoer kan gereël word, indien nodig.
- Ds Gawie Wolmarans (082 853 3053) is 24 uur beskikbaar in geval van nood."
- Kontak-inligting van eerstejaar-, sowel as huidige studente, asook werkende

lidmate kan deurgegee word aan ds Gawie Wolmarans (082 853 3053) en Liza le Roux (072 442 8515). Inligting kan ook per e-pos gestuur word.

- Die Wilge ontvang graag u gemeente se "kinders" en wil graag na hulle omsien in die tydperk wat hulle in Potchefstroom is. Dankie vir u aandag. Wilge-groete

**DS JAN SCHROEDER**  
**SESTIGJARIGE AMPSJUBLEUM**

Tydens 'n luisterryke geleentheid het ds Jan Schroeder sy sestigste ampsjubileum herdenk. Verskeie lidmate van sy vorige gemeentes, sy familie en nege predikante was teenwoordig. Hy het gepreek aan die hand van Amos 6 en I Korintiërs 15, met spesifieke verwysing na die gedeelte wat die kern van die Evangelie aandui. Dit is duidelik dat hy nie sy passie vir die Evangelie verloor het nie, selfs nie na 60 jaar van preek nie. Sy suiwer verkondiging het opgeval. Na die erediens is verskeie boodskappe van gelukwensing oorgedra. Dr Johan Otto het namens die GHG 'n oorkonde oorhandig en ouderling Nico van Huyssteen namens die gemeente. Daarna is die gaste gevoed en uitnemend onthaal op tradisioneel Hervormde manier. Baie geluk aan hom en sy goeie gade, tannie Lettie.

Aangeheg twee van die briewe van gelukwensing:

*Geagte Dominee Schroeder*

*Die Onafhanklike Hervormde Gemeente Bloemfontein Kerkraad het verneem van u sestig jarige amps jubileum.*

*Ons wens u hartlik geluk met hierdie geleentheid.*

*U toewyding getuig van God se troue liefdesband met sy kinders soos dit staan in Romeine 8:38-39: "Hiervan is ek oortuig:*

*geen dood of lewe of engele of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar vir ons is in Christus Jesus onse Here."*

*Verder, al mag die wêreld 'n tyd koppel aan diensbaarheid, weet ons wat sê die Here in die skrywe van Paulus in 2 Korintiërs 12:9: "My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is." Daarom sal ek baie liever oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees."*

*Daarom, om as emeritus steeds tot diens bereid te wees waar u die nuwe Suikerbosrand Bondsgemeente help stig het en as Bondsdominee geakkrediteer het, is verseker ook 'n gawe uit God se hand. Mag u na elke dag se arbei in diens tot die Gemeente ook soos Dawid in sy dankgebed sê: "En nou loof ons U, ons God, ons prys u glansryke Naam... Alles kom tog van U af en ons gee aan U wat ons van U gekry het."*

*Die genade van ons Here Jesus Christus sal by u wees.*

*Groete in Christus,*

*Sr Carien Ackerman*

*Skriba*



Op die foto verskyn vlnr: Peet Schroeder, Loekie Schroeder, Ds Jan Schroeder

### **Ds JAAA Schroeder – 60 jaar as Leraar:**

Op Sondag 21 Januarie 2018, vier Ds Jan Schroeder saam met familie, vriende, gemeentelede en verskillende ampsdraers sy 60 jarige ampsjubileum, in die Hervormde Kerk Suikerbosrand te Heidelberg.

Die prediking was uit Amos en Korintiërs. Die preek wys inhoudelik en in aanbieding na 'n opregtheid en na gehalte en toewyding aan die Here, suiwer verstaanbare woorde en die uitleg daarvan wat vir selfs kinders verstaanbaar is. Ons as gemeente word elke Sondag bederf met die verkondiging van die evangelie deur Ds Schroeder.

Ds Jan Schroeder begin sy loopbaan as predikant op 17 Januarie 1958 te Sundra, waar hy deur Prof PS Dreyer in die amp bevestig word, en sy intree preek lewer.

Hy word later na die gemeente Brakpan – Harmonie beroep en lewer weer 'n skitterende bediening aan die gemeente. Hierna word hy beroep na Heidelberg gemeente waar hy ook emeriteer, maar nog steeds dienaar van die woord bly, hy doen diens werk in Springs, Nigel, Balfour en ook in Heidelberg.

Op Sondag 18 Januarie 2015 word die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes, nog 'n gemeente ryker met die stigting van die Hervormde Kerk Suikerbosrand onder die bekwame leiding van Ds Jan Schroeder. Die stigting vind plaas in die klein kerkie by Hoffeldts buite die dorp. Daar is in totaal 13 lidmate teenwoordig wat Ds Jan Schroeder en sy eggenote insluit.

Drie ouderling en een diaken word verkies asook 'n koster, een ouderling word as skriba van die gemeente verkies. Hierna op 25 Januarie word die Heidelberg Christelike Vereniging gestig en op 15 November 2015 verskuif die kerk na die Anglikaanse Kerk

Gebou, aangesien die kerkie by Hoffeldts te klein geword het en ook het die gemeente gevra om nader aan die dorp te kom.

Daar word vanaf Januarie 2016 gesoek na 'n eie gebou en kerk vir die gemeente, die getalle het reeds nou gegroei na 26 lidmate. Die kerkraad ondersoek die kerkgebou op die hoek van Fenter en Merz straat en op 15 Mei 2016 word daar 'n tender dokument by die kantore van die Ou Apostel Kerk te Germiston ingehandig.

Op 10 Julie 2016 word die tender dokument aanvaar en die kerkgebou word aan die gemeente verkoop en ons kry onmiddellike okkupasie en dit is ook gratis, nou het ons 'n kerkgebou en die eredienste verskuif na ons eie gebou.

Ds Jan Schroeder en die Skriba onderhandel vir 'n lening by die Oranje Kas Bank, die lening word goedgekeur en nou begin die gemeente met die herstel werk, gelukkig is die herstel werk, net aan die elektriese kant en die gebou se dak, hierdie herstel werk en regmaak proses vind plaas en word betyds voltooi vir die inwyding.

7 Augustus 2016 breek aan en die Hervormde Kerk Suikerbosrand word ingewy, Ds Jan Schroeder is weer aan die voorpunt en die inwyding vind plaas met 'n heerlike ete na die erediens.

Nou word daar gewerk, huisbesoek word gedoen, na elke Nagmaal braai die gemeente saam vleis by die kerk en dit word 'n gesellig saam kuier.

Die volgende is die basaar wat op 30 September 2017 gehou word deur die gemeente, weer 'n reuse sukses en die inkomste van R80 000 word ingesamel, en dit op die verjaarsdag van Ds Jan Schroeder, dit wys weereens die lojaliteit, werkywer en toewyding wat Ds Schroeder het as

bedienaar van die woord en die omgee vir 'n gemeente.

Die gemeente getal op 1 Januarie 2018 is 54, na skommeling en 'n paar nuwe lidmate en lidmate wat weer die gemeente verlaat het is hierdie die begin van 2018.

Met die amp jubileum viering was daar talle predikante wat die viering meegemaak het, en ons as gemeente wil hulle in die besonder bedank vir die opoffering en die deel saam met Ds Schroeder, Proff Adriaan Pont, HG van der Westhuizen, Drr Johan Otto, Fanie Pretorius en Di Rita van Antwerpen, Piet van der Merwe, Antoinette van Zyl en Jan Wilson.

Daar is talle besoekers uit ander gemeentes, familie en vriende wat hierdie dag baie besonders gemaak het vir Ds Jan Schroeder, die susters van die gemeente het weer getoon dat hulle bobaas geregte kan voorberei en almal het rustig saam geëet en lekker gekuier.

Die gemeente het weereens in groot dankbaarheid besef dat hulle een van die gelukkigste gemeentes is, met die voorbeeld van Ds Jan Schroeder wat altyd, bereid, beskikbaar en met kalmte en rustigheid die bediening in die gemeente hanteer, tydens eredienste, vergaderings, huisbesoek en siekebesoek doen. 'n Predikant en mens wat omgee en vir wie daar omgee word.



### GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook weekliks nuwe preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

### GELOOFSBONDKWILT 3 (2018)

Kontak Ansie Steyn van Oostelike Pietersburg by 083 630 1107 vir u gemeente se lootjie vorms. Alle lootjievorms moet asseblief voltooid in wees voor einde Junie. Elke Bondsgemeente se dames word uitgenooi om lootjielyste te neem en saam betrokke te wees by die fondsinsameling. Sodoende dra u by tot die opleiding van die Geloofsbond se jong teologiese studente.

### MAKWASBYEENKOMS

Alle emeriti, hul gades en ander predikante word uitgenooi na die jaarlikse Makwasbyeenkoms te Premiermyn Hervormde kerk, Cullinan. Om winterkoue te voorkom, is die jaarlikse instelling se datum verskuif na **DV Vrydag 23 Februarie 2018**. Maak seker dat u die datum aanteken. Ons sien uit daarna om u hier te sien. Alle insette is welkom. Bevestig asseblief u teenwoordigheid teen 13 Februarie 2018. Kontak Yvette Otto 072 223 7522 of per e-pos by [zyvette@gmail.com](mailto:zyvette@gmail.com).

### OORNAG FASILITEITE

#### Villa Stoney B+B

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !  
Slegs 5km van die Zambezi Tolhek  
- naby hospitaal en besighede-

Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar  
in gemeubileerde kamers

Etes en wasgoed op afspraak

Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by

**Villa Stoney**

Kontak Ina Steenkamp vir navrae en  
besprekings 0829082831

[auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).

**LEWENSbroOD 2018**

Lidmate moet kennis neem dat  
Lewensbrood 2018 verlede jaar al klaar  
gedruk en reeds aan die meeste gemeentes,  
volgens versoek, versend is. Indien u enige

probleme ondervind, skakel gerus met ons.  
Daar is enkele ekstra kopië beskikbaar vir  
diegene wat dalk intussen deel van die GHG  
geword het.

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)